# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 311
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

## Veesiektes om vroeg in die nuwejaar dop te hou

## 2026: Wat bring die weer vir jou plaas?




NEW HOLLAND

# New Holland Braud-oesmasjiene: 50 jaar van produksie-uitnemendheid

www.agri4all.com

www.proagri.co.za


OORTREF VERWAGTINGE
DIE SPLINTERNUWE
5M-REEKS
105-145 PK – ONGEBONDE WERKVERRIGTING VIR ELKE TAAK
Ontdek hierdie veelsydige trekker wat doelgerig ontwerp is vir die uitdagende Afrika-landskap. Met tot 145 perdekrag en indrukwekkende wringkrag uit die doeltreffende AGCO Power-enjin, lewer die MF 5M die krag wat jy nodig het om grondbewerking, saai, hooimaak, laaiwerk en veeboertake moeiteloos te hanteer.
Kies tussen die gladde Dyna-4 transmissie vir koppelaarvrye skakeling of die betroubare gesinchroniseerde opsies. Uitsonderlike wendbaarheid met 'n stywe draaikring, hidroulika tot 98 L/min en volle laaigraaf-versoenbaarheid maak dit die ideale vennoot vir produktiwiteit. Die MF 5M is gebou vir uithouvermoë met lae bedryfskoste, 400-uur diensintervalle en beskikbare slimboerdery-tegnologie vir presisie stuur leiding.
Massey Ferguson 5M: Betroubaar. Doeltreffend. Gereed vir enige uitdaging.
[Skandeer die QR-kode vir meer inligting]
VIR MEER INLIGTING, BESOEK ONS WEBWERF OP
WWW.MASSEYFERGUSON.COM
reddot winner 2025
MASSEY FERGUSON



# Met hoop en dankbaarheid die nuwe jaar in…

Terwyl ons 'n nuwejaar binnegaan, dink ek terug aan die vele gesprekke wat ek die afgelope jaar op plase langs die lande, op boeredae en by veilings gehad het. Verskillende streke, verskillende uitdagings, maar telkens dieselfde woord wat opduik: hoop. Hoop vir beter seisoene, hoop vir stabiliteit, hoop vir môre. Dit is juis hierdie hoop wat 2025 vir soveel van ons 'n jaar van dankbaarheid gemaak het, selfs te midde van onsekerheid. En dit is aan hierdie hoop waaraan die Suid-Afrikaanse boer vasklou … die dryfkrag waarmee ons die nuwe jaar, en die nuwe seisoen, binnegaan.

Met hierdie hoop vir 'n nuwejaar wil ek en die hele ProAgri-span graag vir elke boer, leser, vennoot en rolspeler in die landboubedryf 'n voorspoedige en geseënde nuwe jaar toewens. Mag 2026 'n jaar wees van goeie reën waar dit nodig is, volhoubare pryse, sterk besluite en hoop vir 'n goeie seisoen, in die kraal en met belangrike besluite. Ons weet boerdery bly 'n roeping wat moed, deursettingsvermoë en geloof vra en dit is juis hierdie eienskappe wat die Suid-Afrikaanse boer keer op keer laat uitstaan.

By ProAgri is ons reg vir 'n lekker besige en volgepakte 2026. Die jaar lê voor met 'n propvol kalender van landbougeleenthede, skoue, boeredae en veilings regoor die land. Hierdie geleenthede bly 'n belangrike plek waar kennis gedeel word, verhoudings gebou word en nuwe idees wortel skiet. Dit is ook waar die hartklop van die bedryf die duidelikste voelbaar is.

As jy graag op hoogte wil bly van alles wat in 2026 in die landbou gebeur, van veilings, skoue, ekspo's tot plaaslike geleenthede, nooi ons jou uit om gereeld 'n draai te maak op ProAgri se webwerf en ons veilingskalender te besoek. Hier sal belangrike datums en gebeure deur die jaar gelys word, sodat jy vooruit kan beplan en niks misloop nie.

Laastens, maar beslis nie die minste nie: dankie vir julle getroue ondersteuning. Dankie dat julle lees, deel, terugvoer gee en ProAgri deel maak van jul boerdery- en landboulewe. Julle vertroue en betrokkenheid maak dit vir ons moontlik om elke maand stories te vertel wat saak maak, stories van mense, tegnologie, hoogtepunte, uitdagings en oorwinnings.

*Ons sien uit na 'n lekker 2026!*

**Landbougroete!**
**Bianca Pretorius**
**bianca@proagri.co.za**

## Inhoudsopgawe / Contents


Voorbladartikel
3. New Holland Braud-oesmasjiene: 50 jaar van produksie-uitnemendheid

Hulpbronbestuur
6. Wat hou die weer in vir Suid-Afrikaanse boere in 2026?
10. KI, hommeltuie en biotegnologie verander landbou in 2026

Meganisasie
13. Rebelo: Your one-stop shop for fertilisers, irrigation and more
15. John Deere's 5090E: Built for today's farming challenges

Gewasproduksie
16. Nuwe bewarea verbind Klein- en Groot-Karoo

Vee en Wild
19. Veesiektes om vroeg in 2026 te monitor
22. Wettige handel in renosterhoring
24. Die nalatenskap van Oranjeriviervoere
26. Vriend of vyand deel 5
28. Jagter vat lastige varke vinnig vas














Agri4all

## Op ons voorblad




**New Holland se Braud-oesmasjiene vier 50 jaar van produksie-uitnemendheid, 'n halfeeu van presisie, betroubaarheid en tegnologie wat wêreldwyd die maatstaf stel.**


**Lees meer op bladsy 3.**



ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif / Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za



Copyright © 2026. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.



## ProAgri

**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Pretorius > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653 natasha@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938 benine@proagri.co.za

**Taalversorger**
Martie Bester > martie@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507 xander@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597 kevin@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Cara Watson & Stella van Eeden

**Kliëntverhoudingsbestuurder Navrae**
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler


PULSAR
IMAGE QUALITY
THERMION 2
LRF 60 SERIES
PULSAR
· AUTHORISED DEALER ·
— OFFICIAL —
www.ultranexus.co.za
THERMAL
IMAGING
STREAM
VISION 2
XL60
XP60
XG60
RESOLUTION: 1024x768 px @ 12 µm
MAGNIFICATION: 2.5 - 20
OBJECTIVE LENS: F60/1.1
RESOLUTION: 640x480 px @ 17 µm
MAGNIFICATION: 3 - 24
OBJECTIVE LENS: F60/1.1
RESOLUTION: 640x480 px @ 12 µm
MAGNIFICATION: 4 - 32
OBJECTIVE LENS: F60/1.1
TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE THE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA

# New Holland Braud-oesmasjiene: 50 jaar van produksie-uitnemendheid




Artikel voorsien deur New Holland

New Holland vier die 50ste herdenking van die bekendstelling van die eerste selfaangedrewe Braud druiwe-oesmasjien, en beklemtoon daarmee New Holland se vertroue in die vervaardigingsgehalte by die handelsmerk se Centre of Excellence in Coëx, Frankryk. Dit verseker boere van hoë betroubaarheid en lae bedryfskoste.

## Kompakte Braud 8.50L-druiwe-oesmasjien

New Holland se spesialisspanne in Coëx het al meer as 18 000 druiwe-oesmasjiene en hoë-klaringtrekkers vervaardig. Hierdie masjiene het hoë standaarde gestel vanweë hul uitstekende bou- en oesgehalte en bowenal hul vermoë om aan die uiteenlopende behoeftes van wynprodusente regoor die wêreld te voldoen.

Die Braud 8.50L-oesmasjiene is toegerus met die SDC-skudstelsel – die beste oesstelsel in sy klas. Danksy hierdie stelsel word wingerde en druiwe beskerm tydens die oesproses. Die skudders in hierdie stelsel kan direk vanuit die kajuit verstel word om by alle oesomstandighede te pas.

Buigsame opvangbakke seël die Noria om die wingerde, en oes die vrugte sonder enige verlies op die grond. Die druiwe word dan versigtig na bo vervoer, altyd in dieselfde opvangbakke, tot bo-aan die oeskamer.

Die Braud 8.50L is toegerus met ’n splinternuwe, sterker en langer onderstel, wat dit ’n vryhoogte van 2,82 m gee. Die enjinkrag is verhoog na 144 perdekrag (107 kW) om aan die hoë kragaanvraag te voldoen – en die druiwe-oesmasjien lewer die beste veldvermoëns vanweë die hersiene hidrostatiese transmissie wat herontwerp is.

Die oeskamer is indrukwekkend groot, met opvangbakke van tot 3 600 liter. Vir optimale deurlatingsvermoë is die vervoerbande verbreed na 600 mm, en die ontstingelers is dieselfde as dié wat op die 9000L-reeks geïnstalleer is.

Halfpad tussen ’n hoë-opbrengsmasjien en ’n kompakte een, is die Braud 8.50L geskik vir alle tipes grootte wingerde – selfs die allergrootste. Beskikbaar in skroef-, ontstingel- of Opti-Grape™ II-weergawe, sal die Braud 8.50L onmisbaar raak vir jou plaas en jou behoeftes!



## NUWE BRAUD 8.50 L KOMPAK

# 50 JAAR VAN INNOVASIE




Die nuwe **BRAUD 8.50L Kompak** is 'n druiwe-oesmasjien wat aan hoë standaarde voldoen danksy die uitstekende bou- en oesgehalte, en bowenal, die masjien se vermoë om aan die uiteenlopende behoeftes van wynprodusente te voldoen.

Die splinternuwe, sterker en langer onderstel, wat 'n vryhoogte van 2,82 m gee, saam met die SDC-skudstelsel maak van dié implement die beste oesstelsel in sy klas. Dit het 'n indrukwekkende groot oeskamer en aanpasbare opvangbakke van tot 3 600 liter.

Die skroef-, ontstingel-, of Opti-Grape™ II-weergawes wat vir die produsent beskikbaar is, gaan die **BRAUD 8.50L Kompak** onmisbaar maak op die plaas en sy unieke behoeftes.

**BRAUD DNS – Kundigheid oor druiwe is in ons gene.**

50 Jaar BRAUD

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel Quintus Smit by 082 524 7397.

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

www.newholland.com/za

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

Tinderm 25/144R

## Braud 11.90X Multi

New Holland Suid-Afrika het sy toonaangewende vrugte-oesmasjien-portefeulje uitgebrei met die bekendstelling van die nuwe Braud 11.90X Multi-oesmasjien.

Die Braud 11.90X Multi, ’n heeltemal nuwe masjien, is ontwerp om hoë kapasiteit en doeltreffendheid in vrugteboorde en plantasies te lewer – waaronder olywe, amandels en ander vrugte soos appels en lemoene in ryplanting.

Selfs as ’n volledig herontwerpte oesmasjien, maak dit steeds gebruik van sleutelkenmerke van vorige Braud-oesmasjiene wat operateurs sal herken, terwyl dit ook die vermoë inkorporeer om in verskeie gewasse te werk, impak op bome te verminder en vrugte met hoë doeltreffendheid te oes.

Die Braud 11.90X Multi-oesmasjien is toegerus met:

- ’n Groter oeskamer.
- Die SDC-skudstelsel – elke skudstaaf in dié stelsel is onafhanklik en op die agterkant geskarnier aan ’n onderhoudsvrye, buigsame bevestiging. Hierdie verbinding maak perfekte beheer van die skud-aksie moontlik, met maksimum buigsaamheid vir sagter plukwerk.
- ’n Oorgroot Noria-mandjiestelsel, met Noria-poliuretaan-emmers wat volledige versorging van bome verseker sonder vrugverlies op die grond.
- ’n Ongekende tenkkapasiteit

Die gemaksimaliseerde suiweringsoppervlak verseker hoë oesgehalte in elke gewas. Hierdie hoëkapasiteit-masjien kan ook olyfboorde teen ’n spoed van tot 4 km/h oes, wat operateurs in staat stel om ’n groter area in minder werksure te dek.

Die nuwe vervoerstelsels en waaierstelsel is spesiaal ontwerp vir veelvuldige skoonmaak. Die suiwering vind altyd plaas terwyl die gewas in vrye val is – vir beter effektiwiteit op liggewigmateriaal. Hierdie Braud het twee 400 mm breë vervoerbande wat ’n hoëkapasiteit-skoonmaakoppervlak bied. Die vervoerbande is geoptimaliseer vir eweredige verspreiding van die oes, wat beter produktiwiteit en ’n skoner produkmonster verseker.

Onderhoud is nou selfs makliker. Gevorderde nuwe komponente maak instandhouding meer koste-effektief en eenvoudig. ’n Nuwe Noria-spanningstelsel maak gereedskapvrye spanning van beide Noria-kante moontlik deur ’n eenvoudige slingerhandvatsel te gebruik om die Noria-relings op en af te beweeg. ’n Noria-druksensor bespeur wanneer die Noria-stelsel te veel druk benodig en waarsku dan die bestuurder.

Die automatiese nivellering- en kopsluitstelsel IMS 2.0 beheer outomaties die hoogte en nivellering. Die operateur stel eenvoudig die verlangde pluk-kophoogte in, en dit word outomaties gehandhaaf ongeag die terrein, met sy hellingkorreksie tot 25%. Sensors, wat standaard ingebou is, voorkom dat die plukkop nooit aan die grond raak nie, selfs onder moeilike toestande.

50 Jaar BRAUD




**Die nuwe Braud 11.90X Multi is ontwerp om hoë-kapasiteit en doeltreffendheid in vrugteboorde en plantasies te lewer.**

Vir meer inligting besoek **www.newholland.com/za** of skakel Quintus Smit by **(+27)82-524-7379**.

# Wat hou die weer in vir Suid-Afrikaanse boere in 2026?

deur Natasha Pretorius

Meeste boere kan die reën sien kom, hulle voel dit in die lug. Ander het permanente weerstasies op hul plase wat waarskuwings uitreik. Hoe dit ook al sy, die weer speel een van die belangrikste rolle in enige boerdery.

Met waterskaarste is daar soms nie genoeg water nie, terwyl swaar reën al jou harde werk kan wegspoel. 2025 was 'n goeie voorbeeld hiervan: boere het gesukkel om te oes weens nat toestande, gewasse het langer gevat om uit te droog en aflewerings is vertraag. In 2024 het Suid-Afrika droogtes en rekordhitte ervaar, met wisselvallige reënval wat sommige streke in droogte gelaat het en ander in vloede.

## Weerpatrone en hul betekenis

Teen die tweede helfte van 2025 het die Suid-Afrikaanse Weerdiens (SAWS) gemeld dat die land na 'n La Niña-patroon begin oorskakel. Dit beteken verhoogde kanse op somerreënval in die noordooste en ooste, terwyl die suidweste droër as normaal was.

**In 2026 kan drie patrone voorkom:**

- **El Niño:** warmer, droër toestande wat droogte en waterskaarste veroorsaak.
- **La Niña:** koeler toestande met bogemiddelde reënval, veral in die Hoëveld, Vrystaat en KwaZulu-Natal, met vloedrisiko.
- **El Niño-suidelike-ossilasie (ENSO)-netwerk:** gemiddelde see-oppervlaktemperature, met gemengde effekte.

Hierdie patrone word internasionaal gemonitor deur die Wêreld-Metereologiese Organisasie (WMO) en plaaslik deur SAWS.

## Weervoorspelling vir 2026

Volgens die SAWS se Seasonal Climate Watch (November 2025) is die ENSO steeds in 'n neutrale toestand maar besig om oor te gaan na 'n swak La Niña-toestand.

Voorspellings dui daarop dat ons na hierdie gebeurtenis beweeg gedurende die komende somerseisoen en dat dit veral middel- en laatsomer sal tref.

Vir Suid-Afrikaners beteken dit bonormale reënval oor die noordoostelike dele van die land. Minimum temperature word verwag om bonormaal te wees vir die meeste dele van Suid-Afrika gedurende die somer, terwyl maksimum temperature waarskynlik ondernormaal sal wees vir die noordoostelike dele en bonormaal vir die suidweste.

Hierdie verhoogde waarskynlikheid van ondernormale maksimum temperature dui op langdurige wolkbedekking en gee ekstra vertroue in 'n bonormale somerreënvalseisoen.

- Januarie tot Februarie 2026 gaan La Niña oorheers met bogemiddelde reën in die sentrale en oostelike streke. Vloedrisiko's kan in laagliggende gebiede voorkom.
- Maart tot April 2026 is die oorgang na neutraal, die reënval verminder en plaaslike droogtes kan moontlik voorkom.
- Mei tot Augustus 2026 (winter) gaan die neutrale toestande voortduur met droër toestande in die Wes-Kaap en natter toestande by die ooskus. Daar is ook 'n rypgevaar in hoëliggende gebiede.
- September tot Desember 2026 sal die neutrale ENSO-toestande aanhou met bonormale temperature en vroeë somerreënval kan vertraag wees.

## Praktiese implikasies van die voorspelling

Bonormale reënval word voorspel vir alle streke in die land se somerreënvalgebiede gedurende die somermaande.

Dit sal 'n positiewe impak op gewas- en veeboerdery hê.

Daar is egter 'n verhoogde risiko van versuiping wat gewasskade kan veroorsaak en boere word aangemoedig om praktyke soos grond- en waterbewaring toe te pas, behoorlike wateropvang en -berging te verseker, goeie dreineringstelsels te vestig en ander toepaslike boerderypraktyke te implementeer.

Boere moet ook die toename in plae en siektes monitor en hul vee inent om siekte-uitbrekings weens die nat toestande te voorkom.




**Desember, Januarie en Februarie 2025/26 (DJF) se hoogste waarskynlikheid van die bonormale en ondernormale reënval.**




**Januarie, Februarie en Maart 2026 (JFM) se hoogste waarskynlikheid van die bonormale en ondernormale reënval.**




**Februarie, Maart en April 2026 (JFA) se hoogste waarskynlikheid van die bonormale en ondernormale reënval.**




Desember, Januarie en Februarie 25/26 (DJF) se verwagte minimum temperature.




Januarie, Februarie en Maart 2026 (JFM) se verwagte minimum temperature.




Februarie, Maart en April 2026 (FMA) se verwagte minimum temperature.




Desember, Januarie en Februarie 25/26 (DJF) se verwagte maksimum temperature.




Januarie, Februarie en Maart 2026 (JFM) se verwagte maksimum temperature.




Februarie, Maart en April 2026 (FMA) se verwagte maksimum temperature.

## Data-oorsig (Weather25.com)

Bron: Weather25.com

| Maand | Temperatuur | Reën dae | Droë dae | Reënval |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | 26°/18° | 1 | 30 | 19 mm |
| Februarie | 27°/18° | 1 | 27 | 15 mm |
| Maart | 25°/17° | 2 | 29 | 28 mm |
| April | 23°/16° | 3 | 27 | 65 mm |
| Mei | 20°/14° | 5 | 26 | 115 mm |
| Junie | 18°/12° | 7 | 23 | 215 mm |
| Julie | 17°/11° | 5 | 26 | 134 mm |
| Augustus | 17°/11° | 7 | 24 | 160 mm |
| September | 19°/12° | 5 | 25 | 85 mm |
| Oktober | 21°/13° | 3 | 28 | 49 mm |
| November | 23°/15° | 3 | 27 | 49 mm |
| Desember | 25°/17° | 2 | 29 | 27 mm |



Afgesien van hierdie voorspellings, lui die gesegde egter: "Die weer is onvoorspelbaar." Suid-Afrikaanse boere het dit die afgelope jare weereens besef. Hou jou vinger op die pols deur gereeld die SAWS (weathersa.co.za) en Accuweather (accuweather.com) te raadpleeg.

## Bydraende instellings en nuttige skakels

Al die voorspellings wat hier aangebied word, is die resultaat van waarskynlikheidsvoorspellings gebaseer op die ensemble-lede van die gekoppelde klimaatmodel van die SAWS en twee modelle van die North American Multi-Model Ensemble (NMME).

**Nuttige skakels vir seisoenale voorspellings:**

- SAWS – jongste voorspellings vir die hele SADC https://www.weathersa.co.za/home/seasonal
- ENSO-voorspellings van verskeie sentrums https://iri.columbia.edu/our-expertise/climate/forecasts/enso/current/
- Copernicus Global-voorspellings https://iri.columbia.edu/our-expertise/climate/forecasts/seasonal-climate-forecasts/





# KI, hommeltuie en biotegnologie verander landbou in 2026





**deur Natasha Pretorius**

Die landboubedryf staan op die drumpel van 'n nuwe era. Teen 2026 word voorspel dat tegnologie soos kunsmatige intelligensie (KI), hommeltuie, die internet van dinge (IoT), bio-ingenieurswese en digitale nasporing nie meer net byvoegings tot boerderypraktyke sal wees nie, maar die kern van hoe ons voedsel produseer en volhoubaarheid verseker. Hierdie vooruitgang bring nie net groter doeltreffendheid nie, maar ook 'n verskuiwing na regeneratiewe en verantwoordbare boerdery wat die grond en ekosisteme herstel.

## Voorspelbare KI

Wêreldwyd word daar voorspel dat 2026 die jaar gaan wees waarin voorspelbare KI 'n al hoe groter rol in landbou gaan speel. Volgens farmonaut.com sal meer as 65% van plase wêreldwyd gebruik maak van KI vir dinge soos gewasontleding sowel as weer- en markvoorspellings. Hoewel dit vreemd kan klink en voel asof dit nog ver in die toekoms is, word KI deesdae so naatloos in bestaande stelsels geïntegreer dat die skuif dikwels ongemerk verbygaan.

Plantix is byvoorbeeld 'n gratis KI-app wat plantsiektes, peste en voedingstoftekorte diagnoseer vanaf 'n foto. Die app stel ook stappe voor wat gedoen kan word om die probleem op te los.

Taranis is 'n hommeltuig-gebaseerde KI-platform wat velde verken deur middel van ultra-hoëresolusie-beeldskandering om peste en plae op gewasse op te spoor. CropX is 'n grondanalise- en besproeiingsoptimaliseringsplatform wat boere help om water te bespaar en opbrengste te verbeter.




Cainthus gebruik rekenaars en gesigherkenningsagteware om lewendehawe se gesondheid en gedrag te monitor.

Met Agremo kan jy gewas-voorspelling, gewasgesondheid en veldkartering doen deur middel van lugbeelde. John Deere See & Spray is 'n KI-geaktiveerde presisie-bespuitingsstelsel wat die gebruik van plaagdoders verminder deur slegs onkruid te teiken.

Granular is plaasbestuursagteware wat KI gebruik vir jou boerdery se finansiële en operasionele beplanning.

Wanneer die regte KI-stelsels in 'n boerdery gebruik word, kan dit lei tot kostebesparing, beter presisieboerdery, data-gedrewe besluitneming en proaktiewe reaksies voordat iets verkeerd kan gaan.

## Hommeltuie, KI, IoT

In 2026 sal hommeltuie, KI en die IoT die ruggraat vorm van presisieboerdery. Die stelsels sal saamwerk om data-gedrewe insigte te voorsien, outomatisering van take te verseker en hulpbronne meer optimaal te bestuur vir hoër opbrengste en volhoubaarheid.

### KI

- Analiseer massiewe datastelle van sensors, hommeltuie en satelliete.
- Voorspel gewasopbrengste, spoor siektes op en verskaf aanbevelings vir presisie-ingryping.
- Outomatiseer besluitneming, wat die afhanklikheid van raaiwerk verminder.


www.faw.co.za
THE STRENGTH TO GET IT DONE.
THE PERFORMANCE TO DO IT RIGHT.
JH6 28.550 FT-AMT
550HP, 12.52 L
6-Cylinder Diesel Engine
ZF 12-Speed AMT
with Intarder
62.2 Tons
Gross Combination Mass
JH6 28.500 FT-AMT
500HP, 12.52 L
6-Cylinder Diesel Engine
ZF 12-Speed
TraXon AMT Transmission
62.2 Tons
Gross Combination Mass
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE QR CODE TO CONTACT US



## IoT (internet van dinge)

- Verbind grondvogsensors, weerstasies en slim besproeiingstelsels.
- Verskaf deurlopende, intydse monitering van plaastoestande.
- Verskaf waarskuwings en voorspellings vir byvoorbeeld waterstres of plaaguitbrekings.

## Hommeltuie

- Neem lugfoto's vir gewas-gesondheid, grondkartering en dreineringsanalise.
- Lewer geteikende bespuiting van plaagdoders of kunsmis.
- Verminder arbeidskoste deur verkenning en monitering te outomatiseer.

## Regeneratiewe boerdery

Reeds in 2025 is groot klem gelê op regeneratiewe boerdery. In 2026 word verwag dat volhoubare boerderytegnieke die hoeksteen sal vorm van boerdery regoor die wêreld. Anders as tradisionele volhoubare boerdery, verbeter regeneratiewe praktyke grond en ekosisteme eerder as om dit net te onderhou. Dit plaas die klem op die herstel van grondgesondheid met tegnieke soos dekgewasse, wisselbou en verminderde bewerking.

Gesonde grond dien as koolstofputte, wat help om klimaatsverandering te verminder. Verbeterde grondstrukture verhoog waterretensie en verminder kwesbaarheid vir droogte, terwyl die integrasie van vee, diverse gewasse en natuurlike habitatte en ekosisteme versterk.

Regeneratiewe boerderypraktyke wêreldwyd het 'n verskuiwing veroorsaak in die manier waarop geboer word, en regerings en agri-ondernemings belê toenemend in hierdie tipe praktyke. Behalwe vir gesonder grond en meer volhoubare boerderypraktyke, neig verbruikers ook na produkte wat volhoubaar gegroei is.

## Outomatisasie en robotika

Die wêreld neig na meer outomatiese prosesse, en robotika neem take oor en vergemaklik produksieprosesse. In 2026 dra hierdie neiging ook al hoe meer oor na landbou. Landbou word 'n sektor wat toenemend deur data aangedryf word; doeltreffendheid word belangriker en praktyke wat minder arbeid benodig, word al hoe gewilder.

Boere wêreldwyd sien reeds hoe selfaangedrewe trekkers, robot-oesmasjiene en KI-aangedrewe hommeltuie standaard gereedskap word eerder as eksperimentele prototipes. Selfaangedrewe trekkers en oesmasjiene met GPS en KI-leiding word gebruik vir presisieplant en besproeiing om vermorsing te verminder terwyl opbrengste verbeter. Robotiese oesmasjiene pluk vrugte en groente, wat die afhanklikheid van seisoenale arbeid verminder.

Die masjiene is veral nuttig in gewasse soos aarbeie, appels en tamaties. Onkruid- en spuitrobotte is KI-geaktiveerde robotte (bv. FarmWise, John Deere See & Spray) wat onkruid identifiseer en slegs daar spuit waar dit nodig is.

Met hommeltuig-integrasie kan onkruiddodergebruik met tot 90% verminder word. Hommeltuie verken lande, monitor gewasgesondheid en lewer geteikende spuit.

Wanneer hommeltuie met robotika gekombineer word, skep dit 'n volledige lug-grond-outomatiseringstelsel. Robotiese melkstelsels en outomatiese voerders verbeter doeltreffendheid in suiwel- en pluimveeboerdery, terwyl KI-stelsels dieregesondheid en -gedrag intyds monitor. Hierdie masjiene voer nie net take uit nie, maar maak ook besluite en voorspellings.

## Bio-ingenieurswese en biotegnologie

Teen 2026 sal bio-ingenieurswese en biotegnologie boerdery hervorm het tot 'n wetenskapgedrewe, klimaatsveerkragtige en hulpbrondoeltreffende stelsel. Hierdie tegnologie is nie meer nis nie; dit is reeds ingebed in saadontwikkeling, gewasbeskerming, veebestuur en selfs voedselvoorsieningskettings.

Ons sien hierdie tipe biotegnologie reeds in die teel van geneties gemanipuleerde gewasse wat droogte- en plaagbestand is. Gemanipuleerde grondmikrobes verbeter voedingstofopname en verminder kunsmisafhanklikheid, terwyl biobemestingstowwe en bioplaagdodermiddels chemiese insette en die omgewingsimpak verlaag.

Genetiese seleksie en biotegnologiese entstowwe in lewendehawe verbeter dieregesondheid en -produktiwiteit, terwyl presisieteling siekterisiko's verminder en voerdoeltreffendheid verhoog. Gewasse word reeds gemanipuleer om uiterste weertoestande soos hitte, vloede en droogte te weerstaan. Gewasse word ook geteel om wanvoeding aan te spreek, waaronder vitamienverrykte mielies en ysterbone.

## Digitale nasporing en data-analise

Met die vinnige veranderinge wat tegnologie bring, is nasporing in 2026 een van die kernaspekte waarop verbruikers aandring. Nasporing en gevorderde data-analise verseker deursigtigheid, doeltreffendheid en volhoubaarheid regdeur die voedselketting. Boere, landboubesighede en verbruikers trek voordeel uit hierdie insigte en naspeurbare rekords wat boerdery slimmer en meer verantwoordbaar maak.

## Die uitdagings

Hoewel al hierdie tegnologie en vooruitgang soos 'n feëverhaal vir die landbousektor klink, is dit nie iets wat slegs in 2026 geïmplementeer kan word nie. Uitdagings soos toegang tot internet in afgeleë gebiede – veral wat betref die KI- en IoT-stelsels – die koste verbonde aan die implementering van hierdie tegnologie, asook opleiding om die data wat verkry word te analiseer en toe te pas, speel 'n langtermynrol.

Die klimaat werk ook nie altyd saam nie, en selfs met voorspellings-tegnologie kan enige iets gebeur. Om van 'n konvensionele plaas na 'n regeneratiewe plaas oor te skakel verg tyd, insig en vooraf beleggings. Konsekwente en betroubare markte sal help dat boere meer van hierdie nuwe tegnologie kan implementeer.

Wat die landbou vir 2026 inhou, is opwindend, vindingryk en kan bydra tot die volhoubaarheid van die grond waarop ons boer sowel as ons voedselsekerheid.

# EFFICIENT GROUND PREP

FORIGO
*Ready to fit you*





# EFFICIENT PLANTING







# EFFICIENT WEEDING



Ferrari
GROWTECH
*veg equipment innovators*



REBELO
AGRICULTURAL GROUP

| CONTACT US | VISIT US AT |
|---|---|
| 011 613 7438 | www.rebelo.co.za |
| 082 716 1664 | @rebeloagri |
| 072 525 9047 | @Rebelo Agricultural |

**PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION!**

# Your one-stop shop for fertilisers, irrigation and more

by Bianca Pretorius

In an age where modern farming increasingly relies on the combination of innovation and experience, Rebelo Agricultural Group stands out as a trusted partner to South Africa's farmers. Founded by Jose Rebelo, whose agricultural journey spans over 35 years, the company's story is grounded in both technical expertise and a lived understanding of the farmer's world.

Rebelo Agricultural Group operates through three specialised divisions: RAP (Packaging and Consumables), RAM (Machinery), and RPS (Parts & Services). Each division is backed by a team of trained, trusted professionals, many of whom have been with Rebelo since the company's inception. At the heart of the business is a commitment to delivering a level of service that goes beyond expectations.

Rebelo's approach is built on true partnership, walking alongside farmers at every stage, offering support wherever it is needed. As Jose Rebelo puts it: "We are partnered with those who feed the nation!"

## Fertilisers and chemicals

At the core of any productive farm lies healthy soil. Through Rebelo Agricultural Products (RAP), the company stocks and distributes an extensive range of fertilisers and agricultural chemicals tailored to the needs of South African farmers. Whether it's organic or synthetic fertilisers for soil nourishment, herbicides and insecticides for pest control, or fungicides to protect against disease, their product offering is focused on boosting soil fertility and plant vitality.

## Irrigation and consumables

Through Rebelo's Parts & Services division (RPS), the company supplies a wide selection of irrigation parts and accessories that help farmers build and maintain efficient irrigation systems. These include nylon and brass fittings, quick couplings, valves, drip lines and associated fittings, all designed to support reliable, water-efficient irrigation infrastructure on your farm.

Rebelo's extensive range of irrigation solutions ensures farmers have access to quality parts that minimise system downtime and enhance delivery precision, whether in high-value vegetable tunnels or dryland.

Moreover, Rebelo's consumables



offering extends beyond irrigation to the broader farm operation. High-quality lubricants, greases and maintenance products help ensure machinery runs smoothly during the long days of planting or harvesting. The Parts & Services division stocks these essential items alongside irrigation products, presenting farmers with a one-stop shop for many of their operational needs.

## Seeds and planting support

Rebelo also offers a range of vegetable seeds from various seed companies and, in addition to that, they offer farmers precision planting and seeding solutions through their wider group offering, particularly within the Agricultural Machinery division (RAM). Here, international partners such as Agricola Italiana and Stanhay bring advanced seed drills and planters into the South African market.

These precision seed drills and planters are vital tools on farms of all sizes. By ensuring accurate depth, consistent spacing and uniform seed placement, they give farmers a strong start to the season, laying the foundation for uniform emergence and improved yield potential.

## Supporting the farmer from soil to shelf

Rebelo's strength lies not only in the range of products it offers but also in the relationships they build with farmers across the country. Whether it's packaging solutions that protect produce from field to market, or consumables that sustain farm operations throughout the year, Rebelo remains agile and responsive to the agricultural calendar.

In an industry shaped by seasons, production cycles and environmental uncertainty, Rebelo provides a steady and dependable presence. From the stockman seeking advice on the right fertiliser blend, to the vegetable grower preparing irrigation systems ahead of summer, and the mechanisation partner ensuring planters are ready when the first rains arrive, Rebelo remains closely involved at every stage.

Across all these touchpoints, one principle remains unchanged: Rebelo works alongside farmers, offering practical products and trusted guidance that help transform challenges into sustainable opportunities.



For more information about Rebelo's product offering and how they can support your farming operation, send an email to **info@rebelo.co.za** or contact them on **011-613-7438**.

IU
IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

# PRESSURE COMPENSATING
## *Dripline Irrigation*

Quality Pressure Compensating dripline at an affordable price, ideal for farmers looking to invest.

*Proudly manufactured in S.A.*

- Even flow across uneven slopes
- Durable, made to last





Afriq Water

*Proudly distributed by*

IU
IRRIGATION UNLIMITED

**www.iunlimited.co.za**
Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

**Tobie Van Den Heever** +27 82 658 6054
**Henko Cilliers** +27 71 303 8829

**FIND YOUR NEAREST DEALER**
**PTA** +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194

# John Deere's 5090E: Built for today's farming challenges

**Article supplied**

Farming isn't as simple as it used to be because, these days, efficiency is a necessity and no longer a luxury. As implements are becoming bigger and operations more demanding, John Deere pays close attention to what farmers need in today's challenging farming conditions. For years, they've asked for more lift capacity on the John Deere 5090E, as they need equipment that can handle heavier attachments such as planters, sprayers and loaders.

We decided it was time to take things up a notch with the John Deere 5090E so that it remains a trusted partner in the field. Therefore, we've made this tractor more competitive and versatile than ever before by introducing a new transmission with increased lift capacity (ILC).

## An important upgrade

This isn't simply an upgrade; it's a solution to the challenges farmers face every day. Your farm doesn't stand still, and neither should your equipment. John Deere's 5090E is ready to work harder and smarter alongside you – whether you're preparing soil, planting crops or managing your property. Your 5090E can handle any task, no matter how difficult, whether it's a four-row planter, a five-disc plow harrower, sprayer, loader or cultivator.

## JDLink connectivity

The 5090E now comes with JDLink connectivity built into the base machine, as efficient, modern farming relies on information and not only horsepower.

JDLink keeps you connected to your equipment and your dealer via 4G telematics. You'll now be able to:

- Use this technology to track work in progress from anywhere.
- Improve efficiency by making timely adjustments.

JDLink makes the difficult task of managing employees, time and crops year-round much easier by helping farmers make informed decisions by providing them with the necessary data and insights. You can focus on what matters most with JDLink – it's like having an extra set of eyes on your operation.

## Loader compatibility

Everyday tasks such as moving bales, loading trucks and clearing your property just got a whole lot easier. The 5090E, with its new transmission and loader-ready design, is your all-in-one workhorse – it's so much more than just a tractor!

## Sealed axle option

John Deere has added another critical feature to the 5090E for farmers working in wet environments, namely the sealed axle option. You can tackle tough conditions without being concerned about long-term wear and tear, as this option protects your tractor from water damage. Therefore, the 5090E also gives you peace of mind when you're facing weather conditions that are out of your control.

## New capabilities, same core

The core of the 5090E hasn't changed after we've added our new capabilities. You can still count on:

- signature reliable performance powered by high-torque, low-emission PowerTech diesel engines;
- the same durability and ergonomics that make our tractors such a pleasure to operate; and
- quality and sustainability, two of John Deere's commitments that have stood the test of time.

John Deere has been defined by these values for generations – and they're here to stay …

John Deere has always believed that farming should be sustainable, profitable and efficient. In order to help you do more with less, every upgrade is designed to increase your productivity with fewer inputs while simultaneously cutting down on waste. We create solutions that conserve resources, support communities and help farmers thrive today and for generations to come by understanding your work and specific needs.

## Work faster, easier and better

With increased lift capacity, JDLink connectivity, loader compatibility and sealed axle options, the new 5090E isn't merely a tractor; it's a smarter way to farm. You can focus on growing your business and feeding the world with a machine that's built to handle the demands of modern agriculture by your side.

> As your farm evolves **with the changing times,** so should your tractor.

**For more information and to find your nearest dealer**, call 011-437-2600 or visit www.deere.africa/en



JOHN DEERE




# Nuwe bewarea verbind Klein- en Groot-Karoo

deur Tisha Steyn

Die Karoo Gateway Bewarea is 'n nuwe toevoeging tot bewaringsgebiede in die Wes-Kaap, en in besonder in die Klein-Karoo wat die Groot-Karoo by Klaarstroom ontmoet. Tom Barry van CapeNature vertel meer oor wat die bewarea vir die streek en bewaring beteken.

Klaarstroom is 'n piepklein dorpie met 'n hotelletjie en 'n paar huise slap links van die N14 tussen Meiringspoort in die Swartberge en Beaufort-Wes.

Die bewarea lê in die Klaarstroomvallei tussen die Swartberge en die Witberge net noord van Klaarstroom. Die Karoo Gateway Bewarea word juis so genoem omdat hierdie gebied letterlik die oorgang tussen die Klein-Karoo suid van die Swartberge en die Groot-Karoo noord van die Swartberge insluit.

Hierdie pragtige bewarea bestaan uit sowat 18 000 ha wat deur sewe grondeienaars opsygesit is vir die bewaring van die besondere biodiversiteit wat hier uit vier biome bestaan, naamlik Fynbos, Sukkulente-Karoo, Nama Karoo en Subtropiese Ruigtewoud, elk met hulle eie kenmerkende plantegroei wat duisende plantspesies beloop.

"Die gebied het baie hoë biodiversiteitswaarde," sê Tom. Wildspesies eie aan hierdie biome kom ook hier voor en sluit van die majestueuse koedoe tot die vlugvoetige klipspringer in. Daar is luiperds, jakkalse, rooikatte en 'n menigte ander kleiner wildspesies, asook 'n magdom voëlspesies wat eie is aan die landskap van berge, water, vlaktes en die verskillende plantbiome. Endemiese visspesies kom ook in die Grootrivier, wat deur Meiringspoort vloei, en die Aapsrivier voor.

Naas natuurlike veld soos genome, is daar natuurlik ook landbougrond waar met vee soos skape geboer word, asook gewasse soos uie, beet en wortels, wat hoofsaaklik vir saad gekweek word. Daar is selfs 'n wildplaas, en ekotoerisme gaan baatvind by die bestaan van die bewarea.

## Bestuur van die bewarea

Die bestuur van die bewarea geskied op 'n informele vlak. "In terme van die ooreenkoms met CapeNature besluit die bewarea-lede self hoe hulle die gebied wil bestuur binne die raamwerk van beste praktyk *(best practice)* en volhoubaarheid."

Die beste praktyk-riglyne word verskaf vir die beheer van indringerplante, brandbestuur, en diere wat skade vir boere veroorsaak.

Volgens Tom is een van die langtermynprojekte wat reeds aan die gang is om die magdom swartwattels op die grond biologies met insekte en swamme te beheer. "Ons het nie op die oomblik baie geld beskikbaar nie, maar gelukkig kos dit nie baie om die insekte en swamme los te laat sodat hulle hul werk kan begin nie," sê Tom.

"Diere wat skade aan veekuddes veroorsaak sluit jakkalse, rooikatte en luiperds in. CapeNature en ander navorsings- en bewaringsinstanses soos Cape Leopard Trust verkies nie-dodelike metodes vir die bestuur van diere, eerder as die totale uitroei daarvan omdat dit weer ander probleme skep, maar ons wil nie te veel reëls voorskryf wat die boere afskrik nie."

CapeNature sal ook leiding gee. "Stephen Moss en Shania Finsham is twee jong, entoesiastiese veldgidse wat by die Field Guides Association of SA (FGASA) registreer is. Hulle is aangestel om nou saam met die belanghebbendes te werk, om raad te gee en opleiding te doen oor die beste praktyke. Hulle gaan help om die proses aan die gang te kry en momentum te behou."

Volgens Tom is die betrokke boere, onder wie Frans Steenkamp, Jurie Klue, Jannie Ellis, Giel en Lydia Swiegers, Tiaan Louwrens en Attie van der Merwe, almal lief vir die natuur en het hulle reeds baie gedoen om bewaring op hul grond te bevorder.

## Die groter prentjie

Die bewarea vorm deel van 'n groter bewaringsgebied wat uiteindelik aaneenlopende korridors sal vorm wat verskillende tans geïsoleerde gebiede in die uitgestrekte landskap aan mekaar sal verbind.

Volgens Tom beslaan die bestaande bewaringsgebiede in die landskap reeds die Swartberg-Wêrelderfenisgebied van sowat 200 000 ha asook die Anysberg-werelderfenisgebied van sowat 80 000 ha,



**Hierdie luiperd is op die plaas De Aap op kamera vasgevang. Sodoende kan CapeNature inligting aan boere verskaf oor hoe om saam te werk met diere, waaronder luiperds, rooikatte en jakkalse, wat skade kan veroorsaak – eerder as om hulle voor die voet van kant te maak.**

**(Bron: De Aap)**



Die Aaprivier vloei deur die bewarea.
(Bron: Karoo Gateway Bewarea)

wat deur CapeNature bestuur word. Dan is daar ook die Karoo Nasionale Park van 75 000 ha by Beaufort-Wes.

"CapeNature en SanParke, die WWF, die EWT en die Gouritz Cluster Biosphere-reservaat, is rolspelers in die gebied. Almal is daartoe verbind om alles in hulle vermoë te doen om by te dra dat altesaam 30% van Suid-Afrika teen 2030 in 'n formele vorm van bewaring is."

As deel van die Konvensie oor Biologiese Diversiteit (CBD) werk lande saam om bewaring te bevorder. Die jongste teikens, bekend as die "30 teen 30"-inisiatief, beoog om teen 2030 30% van die aarde se land- en seeoppervlak onder bewaring te hê.

Die Karoo Gateway Bewarea vorm 'n belangrike deel van die groter prentjie, want die stuk grond vorm deel van die korridor vanaf die Swartberge tot by die Karoo Nasionale Park by Beaufort-Wes. Nog 'n korridor sal Anysberg deur Laingsburg tot by die grens van die Noord-Kaap verbind. In hierdie stadium is die Sukkulente-Karoobioom 'n hoë prioriteit om meer grond onder bewaring te kry.

Volgens Tom het boere wat hulle grond by 'n bewaringsgebied wil insluit, verskeie opsies.

'n Natuurreservaat kan op private, gemeenskaps- of staatsgrond verklaar word as die area se biodiversiteit dit regverdig. Die grondgebruiker onderteken 'n formele ooreenkoms met die provinsiale LUR, gewoonlik oor 99 jaar of ewigdurend. Hierdie opsie is ook 'n wettige verklaring onder die Wet op Beskermde Gebiede.

Dié status bied die hoogste vlak van beskerming, terwyl volle eienaarskap behou word. Vrystelling van eiendomsbelasting en aftrekkings wat betref inkomstebelasting is dikwels deel van die pakket.

'n Beskermde omgewing *(protected environment)* bied 'n meer buigsame opsie vir grondeienaars wat ander grondgebruike soos landbou of toerisme wil kombineer met bewaring.

Hierdie beskermde gebiede kan verskeie eiendomme insluit, waaronder private, gemeenskaplike of in staatsbesit – en vereis die eienaar se toestemming. Die bewaring geld gewoonlik vir minstens 30 jaar en bied 'n mate van beskerming teen mynbou of prospektering.

Biodiversiteitsooreenkomste word in die Wes-Kaap deur CapeNature hanteer. Dit is bindende kontrakte tussen die eienaar en die provinsiale omgewingsagentskap, gewoonlik vir 'n tydperk van 10 jaar.

'n Omgewingsbestuursplan is verpligtend en word jaarliks hersien. In die geval van 'n biodiversiteitsooreenkoms word die ooreenkoms op die titelakte geregistreer, wat langtermynbeskerming verseker.

**Kontakbesonderhede**

Grondeienaars wat hulle grond formeel wil laat bewaar, kan Tom Barry kontak by tbarry@capenature.co.za en Melita Weideman by mweideman@capenature.co.za



Die aardwolf, wat in die bewarea voorkom, hou 'n groot voordeel in vir boere aangesien een van hulle tot 250 000 termiete op een slag kan opvreet.
(Bron: Karoo Gateway Bewarea)



Verskillende fynboslandskappe in die bewarea. Fynbos is een van vier plantegroei-biome in die bewarea; die ander is Sukkulente-Karoo, Nama Karoo en Subtropiese Ruigtewoud.
(Bron: Karoo Gateway Bewarea)

# THINKS LIKE A PRO. WORKS LIKE A BEAST.

The all-new Valtra Q Series is the high-horsepower precision tool you need. Delivering relentless, fuel-efficient power with the intelligence to command every hectare, the Q Series handles your biggest implements and most complex smart farming tasks. Trusted globally and now landing in South Africa, exclusively from Valtrac.




- **Beast Power, Pro Efficiency:**
Up to 224 kW (305 hp) max boost from the AGCO Power 7.4L 6-cylinder engine.
- **The Smart Driveline:**
Seamless, efficient power transfer via the CVT (Continuously Variable Transmission). A200 L/min hydraulic pump
- **Smart Farming Standard:**
Equipped with the award-winning SmartTouch terminal, Valtra Guide, Auto U-Pilot, and SmartTurn.
- **Supreme Comfort:**
Low-noise cab with synchronized Air Suspension for an exceptionally smooth ride.
- **Built for Africa:**
Robust chassis, long wheelbase, and balanced design to maximise pulling power, minimise soil compaction, and guarantee durability in demanding conditions.

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za Valtrac South Africa Valtrac

# Ou vyande, nuwe seisoen:

# Veesiektes om vroeg in 2026 te monitor



deur Bianca Pretorius

Vroeg in 2026 gaan vee nie noodwendig nuwe gesondheidsrisiko's moet trotseer nie; Suid-Afrikaanse boere moet eerder op die uitkyk wees vir ou bekende siektes wat weer hul opwagting kan maak ten tye van goeie reën, hoë insekaktiwiteit en verhoogde dierebewegings. Januarie tot Maart is tradisioneel 'n tyd van groei, lam en kalf, maar ook 'n periode waarin boere se onoplettendheid hulle duur te staan kan kom.

In hierdie artikel kyk ons na die siektes wat jaar na jaar hul kop uitsteek wanneer toestande gunstig is, hoekom dit in 2026 steeds relevant is, en watter vroeë waarskuwingstekens boere nie moet ignoreer nie.

*Hoogste prioriteit: Januarie – Maart 2026*

## Bek-en-klou: 'n Ou siekte wat nuwe besluite afdwing

Bek-en-klou bly een van die vernaamste enkele risiko's vir Suid-Afrikaanse veeboere vroeg in 2026. Herhalende uitbrekings oor die afgelope jaar het bevestig dat dié hoogs aansteeklike siekte lankal nie meer net tot die sogenaamde buffergebiede beperk is nie.

Veral vroeg in die jaar, wanneer speenkalwers op markte beweeg, veilings plaasvind en kuddes herstruktureer word, neem die gevaar van bek-en-klou dramaties toe. Provinsies soos Limpopo, die Vrystaat, Mpumalanga, Noordwes en dele van KwaZulu-Natal bly hoërisikogebiede, maar die werklikheid is dat boere nie meer net kan aanvaar dat hulle streek outomaties veilig is nie.

Die impak van een bevestigde geval strek veel verder as die besmette diere self – markte sluit, veebeweging word verbied en boerderye sit soms vir maande sonder inkomste. In baie gevalle is die ekonomiese skade groter as die direkte verliese aan vee.

## Waarvoor moet boere uitkyk? Vroeë tekens van bek-en-klou

Een van die groot uitdagings met bek-en-klou is dat die eerste tekens soms subtiel begin, maar baie vinnig vererger. Vinnige optrede kan die verskil maak tussen 'n geïsoleerde geval en 'n plaaswye krisis.

### Let veral op die volgende by beeste:

- Oormatige kwyl of skuim om die mond, veral by diere wat andersins gesond lyk
- Blaas- of sweeragtige letsels op die tong, tandvleis, lippe en mondhoeke
- Weiering om te vreet as gevolg van pyn in die mond
- Skielike kreupelheid, selfs by 'n verskeidenheid van diere op dieselfde tyd
- Seer of los kloue, met blase of rou weefsel tussen of rondom die klou
- Lê meer as gewoonlik, of weier om op te staan
- Skielike daling in melkproduksie by melkkoeie
- Koors in die vroeë stadiums

### By kalwers:

- Swakheid en lêgedrag
- Hoë sterftesyfers in ernstige gevalle
- Hart- en sirkulasieverwante komplikasies

## Hoe kan die risiko bestuur word?

Die bestuur van bek-en-klou in 2026 begin nie by 'n noodreaksie nie, maar by daaglikse besluite op plaasvlak. Biosekuriteit is nie meer 'n "luukse" of iets vir groot kommersiële boerderye nie, dit is 'n noodsaaklikheid.



## Sleutelstappe vir boere:

- Beheer dierebewegings streng: Alle nuwe diere, of dit nou speenkalwers, vervangingsverse of aankoopdiere is, moet onder kwarantyn gaan voordat hulle by bestaande kuddes ingeskakel kan word.
- Ken die herkoms van jou vee: Koop slegs van betroubare bronne waar gesondheidstatus, veilingsrekords en bewegingsgeskiedenis beskikbaar is.
- Beperk besoekers en voertuie: Veilingsbakkies, veevoeraflewerings en toerusting wat tussen plase beweeg, dra 'n hoë risiko. Ontsmetting en toegangsbeheer moet 'n vaste praktyk wees.
- Wees vroeg wakker vir simptome: Enige tekens van kwyl, mond- of kloupyn, skielike kreupelheid of produksiedalings moet onmiddellik met 'n veearts bespreek word.
- Rapporteer vinnig: Bek-en-klou is 'n beheerde siekte. Vinnige rapportering kan help om verdere verspreiding te beperk en groter verliese te voorkom.

Biosekuriteit is ononderhandelbaar. Dit is tans een van die belangrikste bestuursinstrumente wat 'n boer het om sy marktoegang, kudde en lewensvatbaarheid te beskerm.



**Bek-en-klou veroorsaak pynlike blase en sere in die mond van beeste asook sere en los weefsel in die kloue.**

## Slenkdalkoors: 'n Ernstige risiko vir vee vroeg in 2026

Slenkdalkoors *(Rift Valley Fever [RVF])* is 'n vektorgedrewe siekte wat beide beeste en skape kan tref. Die siekte kom nie net sporadies voor nie; die risiko neem dramaties toe ná swaar reën en in laagliggende gebiede waar water staan.

Die eerste paar maande van 2026 is dus krities, aangesien hierdie tyd van die jaar tradisioneel lam- en kalfseisoene is, wat vee besonders kwesbaar maak vir komplikasies soos aborsies en hoë sterftes. Slenkdalkoors is ook zoonoties, wat beteken dat mense wat met besmette diere of bloed in aanraking kom, ook siek kan word.

### Hoekom boere vroeg wakker moet wees

Slenkdalkoors kan vinnig groot skade aanrig. By skape en beeste lei dit dikwels tot:

- Aborsies en verlore lammers of kalwers
- Hoë sterftes, veral onder jong diere
- Groot ekonomiese verliese
- Gesondheidsrisiko's vir mense wat met besmette diere werk

### Hoe kan die risiko bestuur word?

Slenkdalkoors vereis 'n proaktiewe benadering, veral ná reën of in bekende risikogebiede:

*Sleutelstappe vir boere:*

- Enting waar beskikbaar: Raadpleeg jou veearts vir toepaslike entingskedules, veral vir skape en jonger beeste.
- Beheer insekte: Verminder blootstelling aan muggies en muskiete deur waterpoele te beheer en vee beskut te hou waar moontlik.
- Beperk beweging: Vermy skuif van lammetjies of kalwers tussen plase in hoërisiko-tydperke.
- Higiëne en hantering: Dra handskoene en vermy direkte kontak met bloed – mense kan ook siek word.
- Vinnige optrede betreffende veeartse: Enige vermoedelike gevalle moet onmiddellik aan die veearts of die staat gemeld word.

### Waarvoor moet boere uitkyk? Vroeë tekens van slenkdalkoors

*By skape en beeste:*

- Skielike aborsies of verlore lammetjies/kalwers
- Hoë koors en lusteloosheid
- Verminderde eetlus
- Oogontsteking of konjunktivitis
- Algehele swakheid en senuweetekens in ernstige gevalle



**Slenkdalkoors word deur muskiete oorgedra. Beheer insekte en wees bewus van risiko ná reën. Hierdie voorsorgmaatreëls is noodsaaklik vir die beskerming van jou kudde.**



**Een van die mees ernstige tekens van slenkdalkoorts is skielike aborsies by skape en beeste.**

## Knopvelsiekte: 'n Groeiende bedreiging vir beeste in 2026

Knopvelsiekte *(Lumpy Skin Disease [LSD])* is 'n vektor-oordraagbare virusinfeksie wat hoofsaaklik beeste affekteer. Die siekte veroorsaak nie net fisieke letsels nie, maar kan ook produksieverliese, verminderde markwaarde van vleis en erge ekonomiese druk vir boere tot gevolg hê.

Warm, nat toestande soos dié wat vroeër in 2025 en 2026 ervaar is, bied die geskikte omgewing vir vektoraktiwiteit (bv. bytende insekte), en verhoog die risiko van uitbrekings.

### Hoekom boere vroeg wakker moet wees

Knopvelsiekte kan vinnig versprei, en selfs 'n enkele besmette dier kan die inkomste van veeboere op 'n plaas of in 'n streek in gevaar stel.

*Belangrike gevolge sluit in:*

- Knoppe en letsels op die vel beïnvloed vleismarkwaarde
- Hoë koors en lusteloosheid by beeste
- Verminderde eetlus en gewigsverlies
- Laer melkproduksie by melkbeeste
- Mark- en bewegingbeperkings, aangesien LSD 'n beheerde siekte is

In die vroeë 2026-seisoen, wanneer diere se weerstand soms laag is ná stresvolle periodes soos skuif of kalf, is die risiko vir uitbrekings besonder hoog.

### Hoe kan die risiko bestuur word?

Die bestuur van knopvelsiekte vereis 'n kombinasie van biosekuriteit, enting en insekbeheer. Sleutelstappe vir boere:

- Enting: Raadpleeg jou veearts vir die toepaslike entingskedule vir jou kudde.
- Insekbeheer: Verminder blootstelling aan bytende insekte deur vee in skaduwee of beskutte areas te hou, en gebruik insekspoei of beskermende nette, indien moontlik.
- Beperk beweging: Vermy skuif van beeste tussen plase in hoërisiko-tydperke, veral wat betref nuwe of jong diere.
- Biosekuriteit: Hou voertuie, toerusting en mense wat tussen plase beweeg, onder streng beheer.
- Vinnige optrede: Enige vermoedelike gevalle moet onmiddellik aan 'n veearts of die staat se dieregesondheidsowerhede gemeld word.

### Waarvoor moet boere uitkyk? Vroeë tekens van knopvelsiekte

- Klein tot groot knobbelagtige letsels op die vel, dikwels rondom die kop, nek, rug en stert
- Hoë koors en lusteloosheid
- Swelling by kloue, wat kreupelheid kan veroorsaak
- Afname in eetlus en melkproduksie
- Gewigsverlies en swak algemene toestand, veral by jong beeste of diere wat stres ervaar



**Knoppe en letsels op die vel is die mees sigbare tekens van knopvelsiekte.**

*Reën- en streeksgekoppelde risiko's*

## Interne parasiete: Stil … maar gevaarlike vyande van jou kudde

Interne parasiete, veral maag- en dermwurms, bly een van die grootste bedreigings vir skape en jong beeste vroeg in 2026. Hierdie wurms is dikwels onsigbaar totdat produksie merkbaar daal of diere siek lyk, daarom word hulle dikwels onderskat.

*Haemonchus contortus*, beter bekend as die haarwurm, is die mees gevreesde kleinvee-parasiet in nat weidingsomstandighede, en kan vinnig 'n kudde se gesondheid en inkomste benadeel.

Die reënseisoen verhoog die risiko dramaties, aangesien nat en digbeweide weiding die wurms se larwes help versprei en lang lewe op die grond verseker. In Januarie tot Maart, wanneer jong lammetjies en kalwers aktief op weiding is, kan infeksie vinnig tot anemie, swak groei, en selfs sterftes lei.

### Hoërisiko-areas en -omstandighede

- Laagliggende vleilande en weiding wat vinnig nat word ná reën
- Digbeweide areas waar vee dik saam wei
- Stelsels waar nuwe diere by bestaande kuddes ingeskuif word sonder kwarantyn
- Skape en jong beeste wat nog nie immuniteit opgebou het nie
- Waar dit nat en warm is, is die risiko hoog

## Hoekom boere vroeg wakker moet wees

- Parasiete kan stil produksieverlies veroorsaak: gewigsverlies, swak groei, verminderde melkproduksie.
- Onbehandelde wurminfeksies kan lammetjies en kalwers vinnig laat verlam of sterf.
- Weerstandige wurms maak tradisionele ontwurming minder effektief.
- Vroeë opsporing en beheer kan groot ekonomiese verliese voorkom voordat die probleem wydverspreid is.

## Hoe kan die risiko bestuur word?

Die bestuur van interne parasiete vereis ’n kombinasie van goeie weidingspraktyke, enting waar moontlik, en verantwoordelike ontwurming.

*Sleutelstappe vir boere:*

- Weidingsbestuur: Wissel weiding om wurms se siklus te breek; vermy dat jong diere op oorbeweide of nat weiding wei.
- Gebruik ontwurmmiddels slim: Volg die veearts se advies oor dosis, tipe en tydsberekening.
- Voeding: Goeie voeding van diere bou vinniger immuniteit teen parasiete.
- Vroeë toetsing: Bloed- en dermtoetse kan help om infeksievlakke te monitor voordat simptome duidelik is.
- Kwarantyn van nuwe diere: Nuwe aankope moet geskei en behandel word voordat hulle by die kudde aansluit.

## Waarvoor moet boere uitkyk? Vroeë tekens van wurminfeksies

*By skape en beeste:*

- Verminderde eetlus en gewigsverlies
- Swak groei by jong diere
- Anemie (wit slym, bleek oë, bleek tandvleis)
- Diarree of taai, waterige stoelgang
- Hoë sterftes onder lammetjies of kalwers in ernstige gevalle

Lees meer oor haarwurm hier.



**’n Swak skaap met ’n kwakkeel.**




**Gebruik die FAMACHA-kaart om die erns van anemie weens haarwurms by jou skape en bokke te monitor. Die kaart help jou om slim te ontwurm en weerstand teen wurms te beperk.**

## Bloutong

Bloutong is ’n vektor-oorgedraagde virusinfeksie wat veral skape tref, maar ook beeste in ’n mindere mate kan beïnvloed. Die bloutongvirus word oorgedra deur muggies. As dit baie reën en panne water staan in die veld is toestande gunstig vir die uitbroei van die muggies. Die siekte floreer in warm, nat en vogtige toestande, tipies van die vroeë 2026-reënmaande.

Hoewel bloutong nie altyd onmiddellik dodelik is nie, kan dit verlagings in gewig, melkopbrengs en reproduksie veroorsaak, en sommige diere kan ernstige siekte toon wat vinnig hul toestand versleg.

Warm, nat reënmaande, digbeweide weiding en jong lammetjies of kalwers wat aan insekte blootgestel is, verhoog die risiko dramaties.

## Hoekom boere vroeg wakker moet wees

Bloutong kan stil winsverlies veroorsaak, maar dit kan ook vinnig:

- Skape laat kreupel of lusteloos word
- Reproduktiewe probleme veroorsaak, insluitend aborsies
- Vee se markwaarde beïnvloed deur siekte of letsels
- Spesifieke diere in ’n kudde kan vinnig siek word, wat behandelings- en beheermaatreëls dringend maak

## Hoe kan die risiko bestuur word?

Bloutong vereis ’n kombinasie van enting, insekbeheer en biosekuriteit. Sleutelstappe vir boere:

- Enting: Waar beskikbaar en geskik vir jou kudde, volg ’n veearts se entingskedule.
- Insekbeheer: Verminder blootstelling aan muggies en vlieë deur vee in skaduwee of beskutte areas te hou, en gebruik insekwerende produkte, indien moontlik.
- Weidingsbestuur: Wissel weiding om diere van hoërisiko- nat weiding weg te hou.
- Biosekuriteit: Beperk beweging van diere, voertuie en toerusting tussen plase, veral in hoërisiko-tydperke.
- Vinnige optrede: Enige vermoedelike gevalle moet onmiddellik aan ’n veearts of die staat se dieregesondheidsowerhede gerapporteer word.

## Waarvoor moet boere uitkyk? Vroeë tekens van bloutong

*By skape:*

- Kreupelheid en lusteloosheid
- Koors en swak eetlus
- Swelling van gesig, ore en tong
- Blou verkleuring van tong en lippe in ernstige gevalle (waarvan die naam afgelei is)
- Aborsies of verlore lammetjies
- Gewigsverlies en swak algemene toestand

*By beeste:*

- Meestal subtieler; kan koors, lusteloosheid of gewigsverlies toon
- Soms reproduksieprobleme of laer produksie



**Let op die swelling en blou verkleuring van die tong en lippe; vroeë tekens van bloutong by skape wat boere nie kan ignoreer nie.**

Die kernboodskap is eenvoudig: biosekuriteit, waaksaamheid en vroeë optrede is jou sterkste wapens. Beheer van insekte, slim entingskedules, verantwoordelike beweging van diere en gereelde inspeksies van jong en volwasse diere kan die verspreiding van siektes dramaties beperk.

Vroeë identifisering van simptome en intree kan jou baie koste en verliese spaar – 2026 vra van elke boer dat hy nie net sy kudde se gesondheid monitor nie, maar ook aktiwiteit en risiko op plaasvlak bestuur. Deur proaktief te wees, kan jy nie net jou diere beskerm nie, maar ook jou marktoegang, produksie en inkomste. Die tyd om wakker te word is nou … nie eers wanneer die eerste siekte jou plaas tref nie.



# Wettige handel in renosterhoring oorwegend as nie-lewensvatbaar beskou

deur Martie Bester

Op Vrydag 31 Oktober 2025 het die Noord-Kaapse hooggeregshof in Kimberley in 'n ongekende uitspraak gelas die toepaslike owerheid in Suid-Afrika moet permitte vir die internasionale handel in renosterhoring uitreik as hy tevrede is dat die horings kom van witrenosters wat in aanhouding vir bewaring geteel is.

Hierdie saak is voor die hof gebring deur Wicus Diedericks, 'n geregistreerde renosterteler in die Noord-Kaap, nadat hy renosterhorings wou uitvoer om sy voortdurende bewaringspogings te befonds, wat sowat R20 miljoen jaarliks beloop.

Diedericks beskryf sy bewarings-gebiedbedrywighede "as die teel van renosters om die oorlewing van die spesie te help verseker en (wat) 'n rol speel in die voorkoming van hul uitwissing".

Ná die uitspraak het Diedericks gesê: "In 'n grondverskuiwende uitspraak het die hooggeregshof in Kimberley die deur oopgemaak vir wettige en gereguleerde internasionale handel in renosterhoring – 'n besluit wat die spesie kan red, bewaring kan befonds en landelike gemeenskappe in Suid-Afrika kan ophef."

## Sommige van die kwessies wat uit die uitspraak spruit

- Die departement van bosbou, visserye en die omgewing het gesê hulle gaan appelleer teen die besluit; dus is die geregtelike proses nie uitgeput nie en kan dit etlike maande of selfs jare sloer.
- Slegs 'n paar telers sal baatvind as wettige internasionale handel uit hierdie besluit spruit, soos teelbedrywighede in Suid-Afrika wat in aanhouding plaasvind.
- Volgens die Private Renoster-eienaarsvereniging het die ander teelbedrywighede wat in aanhouding plaasvind, tans sowat 1 000 renosters – ongeveer 7% van die internasionale kudde.
- Renosterbevolkings in staatreservate is baie meer kwesbaar as dié in private reservate, waar tweederdes van Suid-Afrika se renosterbevolking nou voorkom.

## Handel in renosterhoring betwis

Die wettige handel in renosterhoring is reeds lank 'n twispunt en betrokke partye het hul afkeuring uitgespreek oor die voorgestelde verwydering van lewende renosters se horings.

## Cites verwerp Namibië se aansoek vir voorgestelde wettige handel in renosterhoring

By die Konferensie van die Partye (CoP20) vir die Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora (Cites), wat van 24 November tot 5 Desember 2025 in Samarkand, Oezbekistan gehou is, het Namibië aansoek gedoen vir veranderinge wat die wettige handel in witrenosterhoring-voorraad sou magtig. In sy tweede aansoek, het die land ook versoek vir die goedkeuring van wettige handel in swartrenosterhoring-voorraad.

Albei aansoeke is verwerp, met 28 lande ten gunste, 80 gekant en nege onthoudings wat betref laasgenoemde. Die Europese Unie en sy lidstate, die Verenigde Koninkryk en Amerika, het later verklaar dat hulle teen die mosie gestem het, terwyl China bekend gemaak het dat hulle ten gunste daarvan was.

Dus is die logiese afleiding dat Suid-Afrika se voorgestelde plan met dieselfde afkeur bejeën sal word.



Renosterkoeie is geweldig beskermend teenoor hul kalfies. (Foto: Getty Images)

## Wetenskaplike studies

**Geen medisinale voordele**

In 2024 is 'n nuwe studie uitgevoer betreffende die oortuiging dat renosterhoring oor unieke medisinale eienskappe beskik. Hierdie studie het wetenskaplik-gebaseerde bewyse gelewer dat renosterhoring geen gesondheidsvoordele inhou nie. Hierdie bevindinge word oënskynlik geïgnoreer deur welgestelde kopers van renosterhoring, veral in Asië.

Die studie het bevestig dat 'renoster-horings uit keratien bestaan, dieselfde strukturele proteïen wat in menslike hare en naels aangetref word'.

Hierdie navorsing, wat in *Scientific Reports* gepubliseer is, het ook bevind dat die horings dieselfde voedingswaarde bied as iemand wat hul naels kou of eet. (Lees die studie wat bevestig dat die verbruik van renosterhorings geen werklike voordele inhou nie, en dat dit selfs toksies op lang termyn kan wees: https://www.nature.com/articles/s41598-024-64472-z#citeas)

Diegene wat renosterhorings op die swartmark aanskaf buiten vir die 'medisinale voordele', smag na die horings vir versiering en die status wat die horings aan hulle verleen. Hierdie oortuiging is diep gewortel in die Asiese kultuur – en dit is onwaarskynlik dat die aanvraag gaan verminder.

## Skatryk verbruikers wil ware Jakob hê

In *The Conversation*, 'n hoogs aangeskrewe akademiese publikasie, skryf twee akademici, Vu Hoai Nam Dang en Martin Reinhardt Nielsen, 'n artikel oor 'n eksperiment wat hulle in 2022 gedoen het. In hulle studie is gesprekke gevoer met 345 welgestelde renosterhoring-verbruikers in Viëtnam om insig te kry oor hul besluite wat betref die koop van renosterhoring.

Hul studie het bewys 'dat verbruikers nie renosters wil hê wat in aanhouding geteel is nie, omdat hulle as soortgelyk beskou word aan beeste of perde waarmee geboer word. Hulle verkies, en is gewillig om meer te betaal, vir die horings van renosters wat in wilde of semi-wilde omgewings voorkom.

'Dit omdat verbruikers glo dat wilde renosterhoring oor beter medisinale eienskappe beskik as dié van renosters wat in aanhouding is, omdat hulle (die renosters) blootgestel word aan medisinale kruie wat natuurlik voorkom'. (Lees hierdie insiggewende studie hier: https://theconversation.com/rhino-horn-consumers-reveal-why-a-legal-trade-alone-wont-save-rhinos-173507)





**'n Gestroopte renoster in Suid-Afrika (Foto: Brent Stirton, National Geographic)**

## 'n Toegewyde omgewingsaktivis raak pad byster

Die inherente risiko's van regs-raamwerke is hierdie jaar weer aan die groot klok gehang toe 'n voormalige renosterteler, John Hume, jare lank die mees uitgesproke voorstander van wettige handel in renosterhoring, in Augustus gearresteer is.

Aanklaers beweer hy was betrokke by 'n sindikaat wat amper 1 000 horings met 'n waarde van R250 miljoen gesmokkel het.

"Hierdie saak toon dat afdwingings-agentskappe gelyktydig parallelle markte sal moet bestuur – een wettig en die ander onwettig, terwyl kriminele netwerke die gapings tussen hierdie markte uitbuit," het dr. Adam Cruise, 'n ondersoekende omgewingsjoernalis, akademikus en die redakteur van die aanlyn *Journal of African Elephants*, geskryf.

## Voorkomingsmaatreëls skiet te kort

Die wêreldwye verbod op die wettige handel in renosterhoring het nog nie veel vrugte afgewerp nie. Cruise het geskryf dat "op 8 November 2025 het owerhede in Singapoer beslag gelê op die grootste hoeveelheid gesmokkelde renosterhorings nog: 20 stukke wat 35,7 kg weeg met 'n geskatte waarde van R14,5 miljoen".

"Hierdie onlangse beslaglegging toon weereens dat die onwettige handel in renosterhoring steeds aktief en goed georganiseerd is. Die diepliggende onwettige handel toon die onderliggende drywers van hierdie praktyk – hoë aanvraag, gevestigde sindikate en enorme winsmarges.

"Die bekendstelling van wettige kanale bestaan nie in isolasie nie; dit is in wisselwerking met en versterk dikwels die onwettige handel in praktyk."

## Onwettige handel is veerkragtig

Dit is tans nog onseker of die uitspraak van die hooggeregshof in Kimberley in werking sal tree.

Aan die einde van die dag is dit belangrik om te oorweeg of die internasionale wettige handel in renosterhoring 'n lewensvatbare oplossing is vir die voortdurende stropery van hierdie kwesbare diere – en of dit die probleem net verder sal vererger; 'n probleem wat diep gewortel is in die onderwêreld van goed georganiseerde wêreldwye kriminele sindikate – aangevuur deur die skynbare onversadigbare drang na mag en status.

Aangesien renostergetalle tot 'n skamele 14 000 getuimel het, met net sowat 2 000 oor in die Krugerwildtuin, waar tweederdes van die bevolking reeds uitgewis is (teen November 2025), kan renosters nie nog 'n futlose eksperiment in markgebaseerde bewaring oorleef nie.

# 40 Jaar se visie en voerkrag – Die nalatenskap van Oranjeriviervoere

**deur Natasha Pretorius**



Die nalatenskap van Oranje-riviervoere (ORV) is ’n verhaal van kennis en ervaring, van twee broers wat selfgeproduseerde lusern en mielies langs die Oranjerivier as veevoer wou benut. Meer as 40 jaar later is ORV een van die suksesvolste voermaatskappye in Suid-Afrika en ’n voorloper wat betref tegnologie en dataversameling.

Die verhaal van dié suksesvolle voermaatskappy begin by die twee Botha-broers, Johan en Nico.

## Die ontstaan van Oranjeriviervoere

Johan vertel dat jy nie direk lusern of mielies by boere kon koop in die 1970’s nie. Daar was lusern beskikbaar in Prieska, maar in daardie tyd was dit streng beheer en kon jy net lusern by die koöperasie aankoop. Mielies kon ook net van die Mielieraad verkry word.

Sy broer, Nico, het in daardie jare op Kareehoek in die distrik Britstown geboer en het besef hy sou self ’n plan moes maak vir veevoer. Dus sou hy sy eie mielies en lusern moes plant.

Hy het 30 morg (sowat 26 ha) grond teen die Oranjerivier gekoop en lusern geplant, wat hy dan aangery het na Kareehoek. Daar het hy vir hom ’n klein voeraanleg opgerig.

In 1982 het hulle in Prieska gevestig en voer kommersieel begin verkoop.

“Toe die besigheid in 1982 gestig is, moes ons die plek ’n naam gee, en ons het besluit op Oranjerivier Boerdery. Dit was die vennootskap se naam en daaruit het ons uiteindelik Oranjeriviervoere gestig. Ons wou die voer aan die Oranjerivier konnekteer omdat die rivier so bekend was vir sy gehalte lusern,” verduidelik Johan.



**Die eerste voeraanleg waarmee Nico Botha ORV op Kareehoek begin het.**






**Johan Botha is trots om sy kinders as deel van sy besigheid te hê; saam met hom staan sy seun Johan.**

## Uitdagings aan die begin

Die koop van lusern en mielies was aan die begin ’n groot uitdaging vir die broers, maar hulle moes ook ander uitdagings trotseer. In die begin het hulle geen krag gehad nie en Johan vertel dat hulle vir sowat ’n jaar op die plaas gebly het sonder krag. Hulle moes noodgedwonge hul eie kraglyn oprig en ten duurste krag van die munisipaliteit koop. Later jare kon hulle oorskuif na ’n Eskom-lyn.

“Ons het van niks af begin, en skielik moes ons kompeteer teen baie groter maatskappye. Ons was eintlik klein gewees en kyk, dit was nogal moeilik om in die mark te kom. Ons moes maar direk verkoop, koöperasies wou nie by die klein besigheid koop nie. Ons moes ons eie bemarking doen, maar mens is klein so jy kon nie baie bemarking doen nie,” onthou Johan.



**Johan Botha is baie trots op die voeraanleg wat Suid Afrikaanse en Europese komponente bevat.**

**Rocco de Villiers van ORV.**

## ’n Familiebesigheid

Nico is in 2010 oorlede en Johan het die besigheid ten volle oorgekoop en oorgeneem sodat hy saam met sy kinders kon voortbou op ORV se nalatenskap.

“Ek het al baie gewonder, as my broer moet sien waar ons vandag is, wat sal sy reaksie wees? Toe hy oorlede is, was ons maar nog relatief klein,” dink Johan terug.

In 2015 het hulle net buite Prieska in die Noord-Kaap ’n nuwe, moderne voeraanleg begin oprig en in 2016 het die aanleg begin produseer. Vandag verskaf hulle voer aan boere regoor Suid-Afrika en selfs in omliggende Afrika-lande.

“Die groter fabriek het vir ons nog meer vlerke gegee, want ons kon die mark so bietjie uitbrei. Die ou fabriek was klein, so jy was so versigtig om ’n mark aan te vat en dan kan jy nie voorsien nie, waar ons nou eintlik baie kapasiteit het om nuwe markte te ontgin,” verduidelik Johan.

Johan se seun, ook Johan, was baie betrokke by die ontwerp van die fabriek asook die tegnologie wat ingebring is. Soos die fabriek en die besigheid gegroei het, het hulle nog masjiene ook bygevoeg by die fabriek.

“Ek moet sê, hy het nogal ’n visie gehad. Mens dink altyd hierdie is groot genoeg en dan gebeur iets en dan is dit nie groot genoeg nie en dan sit jy vas.”



**ORV word behartig deur Johan Botha (stigter), sy dogter, Jacolize de Villiers (finansiële bestuur), en sy seuns, Johan (junior) en Jan-Phillip (links), en dié se vrou, Anri.**

ORV word deur ses lede van die familie bestuur en Rocco de Villiers is die maatskappy se logistieke bestuurder. Hy vertel dat hulle self besproeiingsboere is en die lusern en mielies wat hulle produseer, word dan in die veevoerfabriek gebruik.

"Ons het 'n redelike ekstensiewe produklys wat gefokus is op herkouers soos skape en beeste en dan het hulle ook 'n volstruisreeks wat reeds goed gevestig is."

Hy vertel dat ORV se proefkraal 'n groot voordeel vir hulle is, want die produkte wat hulle vervaardig word self deur hulle beproef en gebruik in hul eie boerdery.

"Ons het 'n merino-kudde waarmee ons kommersieel asook ekstensief in die Prieska-distrik boer," vertel hy.

## Net die beste tegnologie

Johan Botha (junior) vertel dat hulle net die nuutste tegnologie en Europese standaarde in die fabriek wou inbring, maar tog 'n Suid-Afrikaanse komponent ook hê en daarom het hulle die twee bymekaar gebring.

"Meeste van ons toerusting word plaaslik vervaardig, maar ons beheerstelsel, wat die brein van die fabriek is, is 'n Europese stelsel wat ons die gerustheid gee dat ons produk altyd konsekwent is en op dieselfde manier gemeng word. Op hierdie manier kan ons maklik nasporing doen indien nodig," verduidelik hy.

Die veevoerformulasies vir ORV word deur 'n voedingkundige inhuis gedoen en dan maak hulle ook gebruik van konsultante om te verseker dat hulle net die beste voerformulasies het wat beskikbaar is.



**By ORV gebruik hulle hul Merino-skape in die proefkraal om te verseker dat hulle net die beste voer produseer.**



**ORV voorsien aan die hele Suid Afrika asook buurlande.**

Hulle is so seker van hul voer dat hulle dit self op hul eie veeplase gebruik asook in hul proefkraal.

"Ons probeer om ons proefkraal so ekonomies as moontlik te maak. Die idee met ons proefkraal is om voer te produseer wat vir ons kliënte die meeste geld in hulle sakke sal sit. Dit beteken nie noodwendig altyd die hoogste produksie nie, maar ons wil waarde toevoeg vir ons kliënte. Ons gebruik ons proefkraal om nuwe voere te beproef en nuwe produkte te probeer sodat ons vir boere waarde kan toevoeg op hulle plase," sê Johan.

ORV se veevoeraanleg kan 20 ton voer per uur produseer en hulle kan tot 400 sakke per uur afsak. "Ons het die slaankrag om jou te kan help."

## Beproef en probeer

ORV het 12 proefkrale waar hulle vier of drie rantsoene op een tyd kan beproef. Elke proefkraal het sy eie silo wat op 'n skaal gemonteer is en elke kraal se lammer word *getag* sodat die kraal se inname gemeet kan word.

"Ons koop lammers in of ons gebruik ons eie lammers vir die proef, dan deel ons hulle ewekansig in elke kraal in, want ons wil die voer proef en nie die lammers nie," vertel Johan (senior).

Hulle maak gebruik van BKB se DSS-program vir hul proewe en gebruik ook DSS ekstensief in hulle boerdery. BKB kan dan 'n volledige verslag aan ORV lewer wanneer die proef deurgehardloop is. Hulle meet die inname, groei en winsgewendheid van die voer in die proefkraal.





**Van die bokkorrels wat ORV verkoop.**

"Ons kyk na rantsoene, so ons gebruik verskillende rantsoene en verskillende insluitings en dan kyk ons waar die *sweet spot* is. Dit is nie noodwendig altyd dat 'n rantsoen met 'n hoë energie-inhoud die beste gaan doen nie."

Die inligting wat uit die proefkraal versamel word, stuur hulle weer terug na die voeraanleg waar hulle veranderinge aan hul formulasies kan maak om te verseker dat hulle voer die beste resultate lewer.

## Wat hou die toekoms in vir ORV?

Vir Johan het baie dinge verander sedert hy en sy broer die boerdery en besigheid gestig het.

"Ek het nou agter geraak met die tegnologie. By die ou fabriek was dit 'n groen knoppie en rooi knoppie, so jy het maar net gestop en *start*. Nou is dit rekenaars wat alles beheer."

Die groot rede hoekom hulle soveel moeite in hul voer insit, vertel Johan, is omdat dit duur is om jou diere te voer. So wanneer jy hulle voer, moet jy seker wees dat hulle net die beste kry sodat hulle vir jou die beste resultate kan lewer.

Wanneer hy terugdink aan die afgelope 40 jaar, was die opening van die nuwe fabriek vir hom beslis 'n hoogtepunt, maar wat hom regtig trots maak is dat sy kinders hierdie suksesvolle besigheid saam met hom behartig en elkeen sy eie unieke stempel op die besigheid afdruk.

"My droom is om plek te maak vir die res van die familie, om vir die kleinkinders ook spasie te skep sodat dié wat belangstel ook eendag by die besigheid kan aansluit."

deur Tisha Steyn



# Vriend of vyand?

## Vreedsame naasbestaan is moontlik

**Luiperds is bo-aan die voedselketting en speel 'n belangrike rol in die handhawing van balans onder plant- en vleisvreters. (Bron: Pixabay)**

In die voorafgaande artikels van Vriend of Vyand het ons gekyk na verskeie dierespesies wat moontlik 'n konfliksituasie op 'n plaas kan veroorsaak. Dit sluit in luiperds, jakkalse en rooikatte, ystervarke, bosvarke en ratels, asook die groototter, bruin hiëna, bobbejane en ape, en vlermuise.

Soos genoem is die natuur sonder menslike inmenging in volmaakte harmonie – elke dier, plant en fungus vorm deel van die legkaart van 'n geïntegreerde ekosisteem.

'n Ekosisteem – gesonde grond, vars water en bestuiwing – voorsien alles wat nodig is vir lewe, nie net vir die natuur nie, maar ook vir die mens wat moet kos produseer.

'n Gesonde ekosisteem is afhanklik van die interaksie van spesiebiodiversiteit – hoe meer gesonde organismes in 'n ekosisteem, hoe beter is die volhoubaarheid daarvan.

Maar soms is mens en dier in konflik, veral waar hulle mekaar se voortbestaan bedreig. Die mens maak die natuur 'mak' deur sy plaas te omhein, die grond te bewerk en die water te gebruik om oeste te produseer of om lewende hawe aan te hou sodat hy kan eet en die oorskot kan verkoop teen 'n wins.

Wanneer 'n wilde dier binne die heining 'oortree' om kos te soek vir oorlewing, ontstaan konflik tussen die mens wat sy 'eiendom' wil beskerm, en die wilde dier wat eintlik maar net instinktief optree soos oor baie eeue heen: hulle eet en plant voort – sonder winsbejag.

En so word sommige diere as 'ongediertes' of 'probleemdiere' verklaar en hulle – die lot wat hierbo genoem en wie se doen en late in die reeks omskryf is – word verwilder en gejag om hulle weg te hou van boere se bron van inkomste.

Maar navorsing, veral deur mense soos Niël Viljoen, 'n roofdierspesialis vir die veebedryf, het getoon dat dodelike jag- en of vangmetodes soos skerp slagysters nie werklik die 'ongediertes' stuit nie: skade aan vee en of gewasse kom steeds voor.

Dit kan ook tot ernstige nadeel van die diere wees omdat dit ekologiese, gedrags-, fisieke en psigologiese gevolge kan hê wat hul oorlewingsvermoë in die natuur belemmer. Dink maar aan al die plante, diere, voëls en insekte wat reeds uitgesterf het weens die mens se doen en late – en wat ook tot die mens se nadeel is.

Die Cape Leopard Trust (CLT) wys dat mens en dier – met 'n bietjie geduld – tog naas mekaar kan bestaan. Die CLT se benadering is dat dit "noodsaaklik is dat welsynsoorwegings vir mense, lewende hawe en wilde diere oor alle vlakke van konflikbestuur heen geïntegreer en daarvan rekenskap gegee word".

Volgens die CLT is proaktiewe en holistiese voorkoming van potensiële konflik die sleutel tot die bestuur van hierdie kwessie en om op die lange duur die bestaan of oorlewing van die mens en wilde diere te verseker.

Die benadering kom daarop neer dat



**Dit help nie om jakkalse wat vee vang voor die voet van kant te maak nie – hul plek in die ekosisteem word sommer gou deur ander jakkalse gevul. (Bron: Pixabay)**



**Ystervarke is dalk lief vir jou waatlemoene en knaag jou waterpype stukkend, maar speel tog 'n rol in die groter biodiversiteitsprentjie. (Bron: Pixabay)**

daar saam met die natuur geboer moet word. Dit vermy konflik en verhoog dikwels produktiwiteit en opbrengs.

Boere speel 'n belangrike rol in die bevordering van harmonie tussen wilde diere en die mens om nie net ekosisteemprosesse en -dienste te beskerm nie, maar om daadwerklik by te dra tot die bewaring van wilde diere – dink maar aan die groot bydrae wat renosterboere soos John Hume, Derek Lewitton en Piet Warren gemaak het om witrenosters se voortbestaan te verseker, terwyl die renosters in die Krugerwildtuin gestroop is. Vandag is daar vier keer meer wild op wildplase in die staat se bewaringsgebiede.

Wanneer boere in 'n konfliksituasie met wilde diere die reg in eie hande neem, loop die konflik onvermydelik uit op een van die volgende uitkomste:

- die boer 'wen' en die wilde diere word plaaslik uitgeroei;
- die wilde diere 'wen' en die boer kan nie meer winsgewend voortbestaan nie; of
- versagtingsmetodes word toegepas wat vreedsame naasbestaan tussen die boer en die wilde diere moontlik maak.

Maar dit is nie altyd maklik om die ou manier van 'voor die voet skiet' af te leer nie: 'n kopskuif is nodig. "Om in balans saam te bestaan handel nie oor kant kies nie, maar oor die vind van 'n gemeenskaplike middelpunt waar mens en dier saam kan floreer," meen die CLT.

In ons reeks oor wilde diere wat konflik kan veroorsaak, het ons gesien hoe elke wilde dier 'n unieke rol speel om die natuur se balans te handhaaf.

Wanneer 'n ekosisteem in balans is, kan dit sekere basiese dienste aanhou lewer, wat veral in die lig van klimaatsverandering uiters belangrik is. Wanneer die landboubenadering verander om die natuur toe te laat om haarself reg te stel, word dienste gelewer wat boerdery makliker en meer winsgewend maak. Hierdie ekosisteemdienste sluit gesonde grond en verminderde erosie, beter indringing en opgaar van skoon water, voldoende weiding vir lewende hawe, gesonde bestuiwers vir beter oeste, en die voorkoming van 'n ontploffing van insekbevolkings en siektes in.

## Dierelewe voorsien ekosisteemdienste

Wildsbokke, hase en dassies wat plantmateriaal soos gras, blare en sade vreet help om die saad te versprei en terselfdertyd help hulle bosindringing verhoed. Op hul beurt is hierdie diere kos vir meso-roofdiere (mediumgrootte), waaronder jakkalse en rooikatte wat die diere weghou van vee af.

Ystervarke, bobbejane en ape wat plantmateriaal vreet help ook, net soos voëls en vlermuise, om sade deur hul spysverteringstelsel te versprei en by te dra tot die oorlewing van plante en 'n groter plantverskeidenheid.

Bobbejane wat klippe omkeer op soek na 'n sappige kossie, ontbloot eweneens sade, bolle en knolle wat kan groei en vermeerder. Net so dra bruin hiënas, groototters en erdvarke hul deel by om biodiversiteit te handhaaf.

## Roofdiere as ekosisteem-rentmeesters

'n Gesonde biodiversiteit sluit groot roofdiere soos luiperds, wat bo-aan die voedselketting is, in. Hulle handhaaf 'n balans in die ekosisteem deur die getalle van herbivore soos wildsbokke te beheer sodat hulle nie die plantegroei uitroei nie. Terselfdertyd beheer hulle die getalle van kleiner roofdiere soos jakkalse en rooikatte en hou hulle weg van die boer se vee.

Omdat groot roofdiere swak of siek diere teiken, voorkom hulle ook die verspreiding van siektes en swak genetika. Roofdiere, waaronder jakkalse en bruin hiënas wat aan karkasse aas, keer ook dat siektes versprei of insekplae soos brommers en vlieë floreer.

Nou kan jy sien waarom dit nie werk om 'gediertes' voor die voet uit te roei nie: Roofdiere en hul prooi is deel van die natuurlike stelsels se balans en as jy hulle verwyder, kring die gevolge uit.

## Wat as …

Sonder roofdiere sal daar te veel herbivore soos bokke en dassies wees wat die natuurlike plantegroei gaan opvreet en dan met begerige oë na boere se landerye begin kyk …

As jakkalse, rooikatte en tierboskatte nie knaagdiere soos muise vang nie, gaan hulle jou oeste opvreet …

As jy die luiperd en rooikat verwyder, gaan die jakkalse jou van die plaas af vreet …

## Holistiese konflikversagting in vyf stappe

Dit is dus beter om die konflik te versag eerder as om die lastige 'ongediertes' te verwyder.

Proaktiewe optrede is hoeka makliker – en goedkoper – as om vies te word en los te trek op die lastige diere wat jou siel versondig. Dit gaan nie help nie.

Nie al die voorkomende metodes is ewe suksesvol nie omdat die landskappe en omstandighede op verskillende plase en in verskillende distrikte wissel.

Versagtingsmetodes moet ook op verantwoordelike wyse en binne die wet toegepas word.

Die maatreëls moet ekologies volhoubaar wees met die minste moontlike versteuring of skade aan ekosisteme – en dit moet eties wees en die welsyn van die mens, vee en wilde diere in ag neem.

As jy die vyf beginsels korrek toepas, sal jy holisties saam met die natuur boer en konflik verminder, hoër produktiwiteit en beter opbrengste verkry én rustiger slaap …

Die vyf sleutelbeginsels:

- Verstaan die oorsprong van die probleem wat jy ervaar;
- Wees verdraagsaam en respekteer die natuurlewe wat jou dalk versondig;
- Evalueer die probleem en bepaal watter dier(e) vir jou verliese en of skade verantwoordelik is;
- Pas versagtende maatreëls toe om skade of verliese deur die geïdentifiseerde dier(e) te voorkom;
- Gebruik spesifieke beheermaatreëls op die korrekte manier om die ware probleem te identifiseer en te hanteer sodat ander 'onskuldige' diere en die omgewing nie ook in die slag bly nie.



**Rooikatte beheer jakkalsgetalle, so kies jou vriend of vyand versigtig! (Bron: Pixabay)**

**Kontakbesonderhede**
Kontak Cape Leopard Trust se Jeannie Hayward by **082-337-0964** of **communications@capeleopard.org.za** vir meer inligting of besoek die webwerf by **https://capeleopard.org.za/**

Laai die Gids vir Grondeienaars hier af: https://www.capenature.co.za/uploads/files/Landowners-Guide-Human-Wildlife-Conflict-Afrikaans.pdf



Gerrit Jordaan van Pretoria is net 'n oproep ver as vlakvarke of bosvarke jou landerye verniel. (Bron: Verskaf)



Dis nie net ongediertes soos jakkalse en wilde varke wat skade aanrig nie, maar ook duiwe. (Bron: Verskaf)



Jan Viljoen, Gerrit se swaer, is 'n jagter met 'n taksidermie-onderneming by Pyramid. (Bron: Verskaf)

# Jagter vat lastige varke vinnig vas

**deur Tisha Steyn**

Het jy probleme met bos- en vlakvarke in jou mielie-, aartappel- en ander landerye?
Gerrit Jordaan van Pretoria, 'n toegewyde sportskut en etiese jagter, help graag met diere wat skade veroorsaak.

"Anders as wanneer 'n jagter wat byvoorbeeld tot R1 500 vra om 'n jakkals op 'n boer se plaas te kom verwyder, vra ons nie vir die boer geld om die lastige varke te skiet nie," verduidelik Gerrit Jordaan.

Gerrit (67) is in Pretoria gebore en getoë. Hy en sy vrou, Marietjie, is al 42 jaar getroud en woon in die voorstad Montana Tuine in die Jakarandastad. Hulle het twee kinders en is die trotse grootouers van drie kleinkinders. Gerrit is 'n bedryfskonsultant, hoofsaaklik in die finansiële wêreld, en hy is sedert 1990 verantwoordelik vir sy eie indiensneming.

Sy swaer Jan Viljoen (64) woon op Waterval in die Pyramid-gebied sowat 10 km noord van Pretoria. Jan, self 'n kranige jagter, besit die taksidermie-onderneming Dagha Boys Taksiedermie. "Baie van die Blou Bulle se spelers, van wie tans ook Springbokke is, laat hulle trofees by Jan doen," sê Gerrit.

> Buiten gratis verblyf op die boer se plaas, dra ons al ons eie koste vir die jag en die verwerking en ons deel van die verwerkte produkte met hom.



Tande van vlakvarke wat hulle moses teëgekom het. (Bron: Verskaf)

## Jag

Jag is 'n lewenslange passie vir Gerrit. "Ek het my eerste geweer in 1980 gekoop, en jag sedertdien hoofsaaklik in die bos en op die vlaktes koedoes, rooibokke, blesbokke, blou- en swartwildebeeste asook bos- en vlakvarke." Die entoesiastiese jagter sê hy het ook al baie springbokke en gemsbokke in die Kalahari gejag.

"Ek is tans gelisensieer vir sewe gewere – van 'n .22 tot 'n 416 Rigby met toegewyde sport- en jagstatus. Ek het ook IR-teleskope en termiese *(thermal)* toerusting."





Van die vlakvarke en bosvarke wat Gerrit van plase verwyder, word lekker wors gemaak wat met die boere gedeel word. Hy gebruik sy eie speserye om die wors en biltong te geur. (Bron: Verskaf)



Gerrit se kontakbesonderhede:
Kontak Gerrit Jordaan by
083-380-3000 of stuur 'n e-pos
aan gerrit@purespices.co.za

"Twee van hierdie is jaggewere met baie akkurate slotaksies en goeie teleskope wat pasgemaak vir my gebou is. Ek herlaai sedert 1981 self vir al my kalibers, uitgesluit die .22. Ek jag met akkurate Berger-jagpunte en gebruik gehaltekomponente en Redding-kompetisiematryse vir herlaai."

## Probleemdiere

"Ons het mielieboere in die Vaalwatergebied en later ook in die Crecy-omgewing en Naboomspruitgebied (Mookgophong) in Limpopo begin help om diere wat skade in hulle landerye aanrig te verwyder," vertel Gerrit. "Party boere, soos grondboonboere, wil jakkalse hou, maar ander boere verkies om hulle te laat verwyder."

Boere laat Gerrit-hulle weet as hulle hulp nodig het. "Wanneer 'n boer ons kontak, ry ons deur en gesels met hom oor wat sy reëls en vereistes is."
Op pad na die boer se plaas kry hulle self die vervoerpermitte vir die geslagte varke by Natuurbewaring in Nylstroom. Afhangend van die boer se behoeftes, vat Gerrit een of twee ander jagters saam.

"Wetgewing verbied ons om in die nag te skiet, maar as die boer skadepermitte het, help ons ook in die nag."

Gerrit en die ander jagters slag self die diere wat hulle skiet en gebruik gewoonlik die boer se verkoelingsgeriewe op die plaas. Daarna word die vleis by 'n vriend se slaghuis in Pretoria verwerk.

Van die verwerkte varkvleis maak hulle verskillende soorte salami, kaaswors en Russians, waarvoor hulle Freddy Hirsch se resepte gebruik. Die verwerkte produkte is vir hul eie gebruik en word nie verkoop nie, maar die boer by wie hulle gejag het, kry gewoonlik ook 'n deel daarvan. "As daar te veel vleis oorbly, word dit aan behoeftige gesinne uitgedeel. Ons het nog nooit so baie geskiet dat ons die vleis kommersieel verhandel nie," sê Gerrit.

Van die vleis van die ander wildpesies wat hulle jag, maak hulle biltong, wors en droëwors in verskillende geure, van gewone wors tot wors gegeur met kerrie, peper of hul eie Chili-Pep, 'n mengsel van brandrissies en peper.

## Speserye

Dit is juis Gerrit se liefde vir jag wat tot die ontstaan van hulle twee verwante ondernemings, Pure Spices en Ouboet Spices and Foods, gelei het. Pure Spices is die handelsmerk, terwyl laasgenoemde die mengsels en verwerkte voedselprodukte is.
"Ons maak ook ons eie boerewors, droëwors en biltong met ons Pure Spices-speserye, wat 100% suiwer is sonder 'n sweem van MSG's, preserveermiddels en gluten, en die sout is ook jodiumvry."




**Die verskillende speserymengsels is te koop by Ouboet Spices and Foods in Pretoria. (Bron: Verskaf)**

Die onderneming se kerriemengsels bestaan uit 13 bestanddele met drie verskilende Schoville-hittegrade van brandrissies. Ander mengsels sluit BBQ, Lemon Pepper and Herb, Cardio Health, Chicken Spice en All Purpose in.

Wanneer die onderneming tussendeur op versoek korporatiewe skaapspitbraaie vir tot 500 gaste doen, gebruik Gerrit die All Purpose-mengsel.



**Jan Viljoen, Gerrit se swaer, is 'n jagter met 'n taksidermie-onderneming by Pyramid. (Bron: Verskaf)**

Hierdie speserye is nie op winkelrakke beskikbaar nie. "Dit is teen ons morele waardes om vir die Halaalmerk te registreer. Produkte kan direk by my bestel word en as die bestelling R2 300 inklusief en meer is, behartig ons ook die koerierkoste."

'n Spesiale aanbod geld tans en daar is 'n 30%-korting op bestellings wat meer as R2 300 inklusief kos. Alle bestellings is streng kontant of betaling per EFT voor versending," sê Gerrit.

MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING

RAINBOW RESERVOIRS

Premium quality **Aluzinc steel** sectional tanks for bulk water storage throughout Africa







ASIB Listed and Approved Supplier · South Africa · WISA Water Institute of Southern Africa · Fire Protection Association of Southern Africa

www.rainbowtanks.co.za
sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016

Aftermarket Parts
25 Years Cummins Experience

Jumanje

Procurement Services
Power Parts

AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING • EARTHMOVING

SERVICE AND YOUR DOWNTIME IS OUR PRIORITY!

Distributor for Cummins / Komatsu / Case / Dongfeng / Faw / Perkins / Tata / JCB - Related aftermarket engine components

High quality aftermarket & replacement diesel parts

A wide range of 8pk Belts and Filters



Carradine Varkevisser
060 525 9943
carradine@jumanje.co.za

Office
011 976 1242 / sales@jumanje.co.za
Michael: 063 753 6466

Facebook & Instagram
@jumanje4u

ALGAR IND BK

algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256

Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment

Saam Boer ons Lekker!






Agri4all
Search Products...
Over 72262 Classified Ad Listings
The largest online Agricultural classifieds platform in Africa
POST AD
Equipment
Livestock
Auctions
Open your business
TO MILLIONS OF BUYERS
With one simple click you have the power to advertise your agriculture items with an established team dedicated to getting to know and grow your business.
We offer a package for everyone!
Don't have time for an upload?
We'll do it for you for FREE!


YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER
NATIONWIDE DELIVERY
VDW FARMING AND ENGINEERING
We also supply a wide range of other agricultural equipment.
Mobile crush & neck clamps
Cattle neck clamps
Standard & mobile loading ramps
Loading ramps & panels
Enclosure panels
Gated enclosure panels
Feeding troughs
Work stations
2 Way sorting gates
Support arches
Support arches with gate
Weigh bars
Spray race
Branding irons
Bale rings
Scales
info@vdwengineering.co.za
www.vdwengineering.co.za
072 901 4033


Dry ICE 4 FARMING
Vriesbrandmerk
Omdat jy omgee, gebruik die Vriesbrandmerk metode.
DT 43 20
03 23
CCR
C 22 803
C 23 834
WWW.DRYICE.CO.ZA
083 375 6627
Vriesbrandmerk is 'n hoogs effektiewe, minimaal indringende metode om jou beeste permanent te brandmerk.
Dit laat geen skade aan die vel nie, wat huidverwante vermorsing en finansiële verliese tot die minimum beperk.
SKAKEL ONS OP 078 164 1712
OF BESOEK ONS WEBWERF BY
www.dryice.co.za

mahindra
TRACTORS

# WHEN THE DAY DEMANDS MORE,

CHOOSE mahindra



From compact utility to high-horsepower performance, the Mahindra tractor range is built to handle every task, every season. Tough, reliable, and engineered for real farm conditions, this is power you can depend on, day after day.

WHILE STOCKS LAST

T's & C's apply

No. 1 Tractor Company in the World*

MAHINDRA TRACTORS TOUGH ENOUGH

5 YEAR* WARRANTY 5

3000 HOURS* WARRANTY 3

3-WORKING DAY TURNAROUND 3


PROVEN
POWER.
UNMATCHED
DURABILITY.
We listened,
& we delivered.
JOHN DEERE